Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

Munisipale | Municipal

nuusbrief | newsletter

No. 5 | Maart / March 2011

In this issue

This issue aims at improving your knowledge about municipal by-laws and policies while also keeping you informed on all municipal activities.

Bladsy 1

Library brings hope

New library is hope in action, says Western Cape minister of cultural affairs and sport, who attended the opening of the Chatsworth library.

Bladsy 2

Wonderlike houer

Verbruikers kan hul kragrekeninge én koolstofspoor knip met die Goedgedacht Trust se *Wonderbag*.

Page 3

Be informed about bees

A bee in your bonnet about bee-keeping in the Swartland? Familiarise yourself with the bee by-law.

Bladsy 4

Finansiële hulp

Arm huishoudings kan aansoek doen vir munisipale dienste-subsidies, mits daar aan bepaalde vereistes voldoen word.

Swartland Munisipaliteit weer stil-stil die beste

Swartland Munisipaliteit is so stil-stil, op die vooraand van die munisipale verkiesings, weer as die beste plaaslike munisipaliteit in die Wes-Kaap aangewys.

Die Wes-Kaapse minister van plaaslike regering, mnr Anton Bredell, het die aankondiging gedoen uit hoofde van 'n provinsiale oorsigrol wat hy ingevolge artikel 47 van die Stelselswet het. Dit is op 8 Desember in die Wes-Kaapse Provinsiale Koerant gepubliseer.

Swartland Munisipaliteit was gedurende 2007/2008 as die beste plaaslike munisipaliteit in die land aangewys met die toekenning van die "Vuna Award for Performance Excellence". Die prestasie wat nou behaal is, is vir die 2008/2009 boekjaar. Minister Bredell sê in die voorwoord van die publikasie dat die bekendmaking van die uitslae 18 maande na verstryking van die betrokke boekjaar, sy oorsigrol bemoeilik.

Die evalueringsmetodologie is gegrond op dieselfde vyf kern prestasie-areas (KPA's) wat vir die destydse Vuna-toekennings gebruik is: munisipale transformasie en institusionele ontwikkeling; basiese dienslewering; finansiële volhoubaarheid en bestuur; goeie regering en openbare deelname en plaaslike ekonomiese ontwikkeling. Die KPA's is uit 'n maksimum van drie punte beoordeel en Swartland se swakste punt (2,1) was vir basiese dienslewering en die beste drie uit drie vir finansiële volhoubaarheid en bestuur.

Die gemiddeld vir die vyf KPA's was 2,6. Overstrand en Drakenstein is in die gesamentlike tweede plek met 2,5.

Burgemeester Tijmen van Essen is dankbaar oor die goeie uitslag en is van mening dat stabiliteit op politieke- en administratiewe vlakke van kardinale belang is. Verder is die behoud van kundigheid belangrik om dienslewering te verseker.

Die grootste uitdagings bly steeds die uitwis van agterstande ten opsigte van infrastruktuur, om voldoende voorsiening te maak vir grootmaatdienste ten einde ekonomiese groei te verseker en om die munisipale rekening bekostigbaar te hou. Met Eskom se kumulatiewe verhogings van die afgelope paar jaar, nasionale salarisonderhandelinge en kollektiewe ooreenkomste, is laasgenoemde beslis nie maklik nie.

Die volledige verslag soos dit vervat is in 'n buitengewone Staatskoerant (6817 van 8 Desember 2010) is op www.swartland.org.za beskikbaar.

New library brings hope for Chatsworth

Books create opportunities and bring hope. This was the message conveyed by dr Ivan Meyer, the Western Cape minister of cultural affairs and sport at the official opening of the new container library in Chatsworth.

The library replaced the wheelie wagon service that was previously run from the Chatsworth Primary School. With the library now accessible to the whole of the Chatsworth community, membership figures during the first month after opening, increased to 204. December circulation stood at 856 books.

At the opening of the Chatsworth library: Dr Ivan Meyer (right) signing a copy of Hansie Cronjé's biography, which he donated to the library. With him is Joggie Scholtz, municipal manager.

Van die redakteur
From the editor

Oor valse aanprysings en duur nuusbriewe

Dis lekker om te hoor jy werk vir die beste munisipaliteit, veral as jy lees dat korrupsie en swak dienslewering by meeste ander munisipaliteite in die land die norm is.

Oor die geloofwaardigheid van sekere ander ondersoeke waarvan die resultate van tyd tot tyd in die media aan die groot klok gehang word, kan 'n mens maar net wonder, veral wanneer munisipaliteite wat daardeur as die beste aangeprys word, dikwels ook gekoppel word aan gerugte van korrupsie.

Omdat die Provinsiale Regering se artikel 47 oorsigverslag eers 18 maande na die tyd gepubliseer word, word die resultate daarvan nie ook uitbasuin nie. Tog meen ons dat die evalueringsmetodiek wat hiervoor gebruik word, meer legitiem en betroubaar is as die meeste ander ondersoeke. Lees ons hoofartikel hieroor.

Die omskakeling van die nuusbrief in sy nuwe kleurformaat het talle vrae by ons kliënte laat ontstaan. Dit is wel so dat die drukwerk duurder is, maar ons verhoogde drukkoste word te goed gemaak deur ons nuusbrief elektronies, in plaas van in gedrukte formaat, te versprei aan ons kliente.

As u huishouding nog hierdie nuusbrief in gedrukte formaat ontvang, stuur u diensterekeningnommer, u sel- en/of telefoonnommer en e-posadres aan swartlandmun@swartland.org.za om dit voortaan in elektroniese formaat te ontvang.

Tot volgende keer!

- Die nuusbrief word kwartaalliks versprei aan inwoners van die Swartland munisipale area.

Uchulumankco nemigcobo ngamaqhawe ebhola ekhatywayo

Yibhegi yokupheka okucothozayo enomtya otsalwayo ukue ivaleke vingci eyenziwe ngemathiriyeli egcwaliswe ngeebhola zepholisterine ebisele isebenzile yalungiswa ukuze isetyenziswe kwakhona kube ngathi intsha.

Ukusebenezisa iWonderbag amaxesha amathathu kuphela ngveki konga:

- I-13 kw zombane ngeveki
- Ilitha e- 1.6 yeparafini
- Ukukhutshwa kwama-500g zekhabhoni ngonyaka

Okona kumangalaisayo kunazo zonke ngeWonderbag kukuby yongela izesha amabhinqa aphangela axakekileyo!! Pheka ukutya kwakho ngentseni okanye ngokuhlwa imizuzu elishumi kufake kwiWonderbag apho kuza kuqhubekeka nokuphekkeka imini yonke ze emva koko kubekho isidlo esishushu esilungeleyo kwaye silinde wena nosapho xa nibuya emsebenzini.

Isetyenziswa njani iWonderbag yakho

- Xa upheka IRAYISI/UMNGQUSHO NEEMBOTYI/IITAPILE, galela umthamo olungileyo wamanzi. Bilisa ze upheke kangangemiz uzu eli-10. Kufake kwiWonderbag. Xa upheka inyama, qhotsa itswele lize libe bhrawuni ze emva koko uqhotse inyama, galela umhluzi ze upheke ngokubilisa imizuzu eli-10. Faka kwiWonderbag. Ukuba unembiza enkulu ungagalela umngqusho neembotyi ezibilisiweyo, irayisi okanye iitapile kwimbiza enye phambi kokuyifaka kwiWonderbag. Cima isitovu sakho.
- Faka itawuli yokusula izitya esongiweyo ezantsi kwiWonderbag.
- Linda umzuzu omnye ze emva koko ufake imbiza enokutya okushushu egqunywe ngesiciko sayo kwiWonderbag phezu kwetawuli yezitya.
- Beka isiciko esithambileyo seWonderbag phezu kwesiciko sembiza ze utsale iribhoni nkqi ukuze iWonderbag ingqonge imbiza yakho. Bophelela iribhoni ngokujikelelze ibhegi ukuyiqinisa. Yeke izihlalele apho iWonderbag kwaye iyakupheka ukutya kwakho kude ube ulungele ukutya.

Imigaqo yexesha elithathwa kukutya ekuphekekeni kwiWonderbag

- Isityu senyama siy kuphekeka kwiiyure ezi-4-6
- Irayisi nemifuno iya kuphekeka kwiyure e-1
- Umgqusho ohlaliswe emanzini, neeMbotyi uya kuphekeka kwiiyure ezi-6
- Isidudu siya kuphekeka kwiyure e-1-2
- Isuphu iya kuphekeka kwiiyure ezi-2-3

Ukuthenga eyakho iWonderbag fowunela ezi nombolo 022 448 1391 – 072 524 8400 (Janis Lane).

Swartland snippets

Lees verder vir kort brokkies, datums en gebeure wat u raak. / Read here for short snippets, dates and events that affect you.

- With effect from 1 February 2011 the Building Control division (Development Services Directorate) at the Municipal Head Office, Malmesbury is open to the public **for the receipt of building plans** during the following hours only:

  Mondays - Thursdays 08:00 until 15:30
  Fridays 08:00 until 14:30

- Die Goedgedacht Trust, 'n geregistreerde nie-winsgewende en publieke diensorganisasie, het met 'n produk vorendag gekom om die gebruik van energie (elektrisiteit, gas, paraffien of hout) te beperk. Die sg. *Wonderbag* is 'n geïsoleerde houer, gemaak uit lap en gevul met herwinde polistireen-korrels, wat deur 'n groep vroue by die Goedgedacht Trust gemaak word. Voedsel hoef slegs vir 10 minute op 'n stoof gekook te word, word daarna in die *Wonderbag* geplaas, waarna dit op eie stoom oor 'n paar uur gaar word. Deur net drie keer 'n week van die *Wonderbag* gebruik te maak, kan tot 13 Kwh elektrisiteit of 1,6 liter paraffien bespaar word.

  Wonderbags is te koop teen R150 stuk vanaf die Goedgedacht Trust. Indien u 'n *Wonderbag* wil skenk aan 'n behoeftige familie, skakel met Janis Lane by die trust – wonderbag.cape@telkomsa.net of 022 448 1391. 'n Foto en meer inligting in Xhosa verskyn hiernaas.

- Clients must note that the payment of municipal accounts at the Post Office via the latter's Pay a Bill system, will be terminated on 30 June 2011. The municipality recently invited tenders for the receipt of payments i.r.o. municipal accounts on the municipality's behalf. The Post Office did not submit a tender, which means that the service has to be discontinued.

- Om die meterleesafdeling van die munisipaliteit in staat te stel om u watermeters maandeliks te kan lees, moet kliënte hul meters skoon en toeganklik hou.

  Indien toegang tot u perseel moeilik is, bv. slegs deur 'n hek verkry kan word, of waar daar honde op u werf is, voorsien asb. vir Nolene Erasmus van die meterleesafdeling van u selfoonnommer.

  'n SMS-diens word tans ondersoek om kliënte by wie toegang op die een of ander wyse belemmer word, vooraf in kennis te stel wanneer die meters in hul areas gelees gaan word.

Rules for the keeping of bees

The recent tragic death in Malmesbury of two persons after having been attacked by a swarm of bees, sparked many questions from the public.

The keeping of bees in the Swartland municipal area on premises other than premises which is zoned for agricultural purposes, is regulated by a municipal by-law.

This by-law stipulates that no person may keep bees

- on premises less than 3 700 m² in extent;
- except in a bar-framed hive approved by the Council, situated not less than 90 m from any street, dwelling, place of business or fowl-house or place where animals or birds are kept, and enclosed by means of a sound wire fence or wall of a height not less than 1,5 m at a distance of not less than 4,5 m in any direction from such hive so as to render such hive inaccessible to animals or unauthorised persons; or
- on any premises upon which any building used for the purpose of any industry, business or trade is situated.

Applications for the keeping of bees are to be made in writing to the municipality, which application must

(a) specify the premises whereon the applicant proposes to keep bees;

(b) state the maximum number of hives to be used; and

(c) state whether or not the applicant has a knowledge of the habits of bees and if in the affirmative, satisfy the Council that in fact he or she has such knowledge.

The municipal council may withhold its sanction if the premises in question are within 400 m of the nearest boundary of any church, school, hospital or cinema or any other place of amusement, gathering or recreation. It may also withhold its sanction in the case of the applicant not having any or, in the opinion of the Council, not sufficient knowledge of the habits of bees.

Any sanction of the Council given for the keeping of bees shall expire on 31 December in each year and application for the renewal thereof must reach the municipal manager not later than 1 December of such year.

Should you be aware of Swartland residents keeping bees in residential areas not in compliance with the above criteria, please report such cases to the Swartland municipal police for investigation.

Herwinning kry momentum

Die 67 igloos wat in Junie verlede jaar in die Swartland uitgeplaas is om herwinning aan te moedig, bly vol! In die vyf maande tot einde November 2011 het Swartlanders altesaam 30 980 kg papier/plastiek en 28 570 kg glas/blik herwin. Die totale herwinde materiaal het in November 14 310 kg, byna dubbeld die 7 520 kg wat in Julie herwin is, beloop.

Gebruik die igloos só:

Die igloo vir GLAS is vir alle tipe blikke, bottels (met of sonder proppe). Dit is nie nodig om dit te was nie. Moet egter nie ruitglas hierin gooi nie.

In die PAPIER-igloo kan tydskrifte, koerante en papier (maar verkieslik nie karton nie) geplaas word.

Plastiekbottels of -houers waarin koeldrank, vrugtesap en melk versprei word, kan in die PLASTIEK-igloo geplaas word.

flitsfeite oor morsjorse

- Sowat 45% van alle Suid-Afrikaners woon in informele nedersettings waar geen afval verwyder word nie.
- Suid-Afrikaners gooi jaarliks 15 miljoen ton afval weg.
- Nywerhede gooi 25 miljoen ton afval weg.

Bron: Departement van omgewingsake

Finansiële hulp vir hulpbehoewendes

Swartland Munisipaliteit se kredietbeheerbeleid maak voorsiening dat hulpbehoewende huishoudings, wat aan bepaalde vereistes voldoen, vir finansiële bystand in aanmerking kan kom.

Vereistes

Vir 'n huishouding om 'n sg. deernissubsidie te kan ontvang, en dus as hulpbehoewende huishouding geregistreer te word, word vereis dat die totale bruto inkomste van die huishouding insluitende die inkomste van al die ander bewoners van die perseel, nie meer mag wees as twee maal die toelaag wat deur die Staat betaal word vir ouderdomspensioenarisse, plus 10% nie. Tans beloop die toelaag wat aan ouderdomspensioenarisse betaal word, 'n bedrag van R1 080 per maand, wat die limiet volgens die munisipaliteit se beleid dus op 'n bruto inkomste van R2 376 per maand (d.i. R1 080 x 2 + 10%) vir die totale huishouding te staan bring.

Vir 'n aansoek om te slaag, benewens bogenoemde beperking, moet

(1) die hoof van die huishouding en sy of haar gesin self die perseel waarop die aansoek betrekking het, bewoon; en

(2) die hoof van die huishouding en/of sy of haar gade en/of hul wettige kinders wat saam met hul ouers op 'n perseel woonagtig is, nie die wettige eienaar wees van enige ander woning nie.

Aansoekvorm en dokumente

Aansoekvorms vir hierdie doel kan by enige kantoor van die munisipaliteit bekom word. Hierdie vorm, asook ander dokumentêre bewys wat deur die munisipaliteit vereis word, moet deur die hoof van die huishouding onderteken en as waar en korrek gesertifiseer word. Die hoof van die huishouding word geag die wettige eienaar of die wettige huurder van 'n perseel te wees of die persoon wat andersins die beheer oor so 'n perseel uitoefen.

Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:

(1) Dokumentêre bewys van die bruto inkomste van al die persone wat op die perseel woon, soos 'n brief van 'n werkgewer waarin die bruto salaris of loon van die betrokke persoon verklaar of gesertifiseer word, 'n salarisadviesstrokie, 'n pensioenkaart of 'n werkloosheidsversekeringskaart;

(2) 'n Beëdigde verklaring deur daardie persone wat op die perseel woon wat geen inkomste het nie, waarin verklaar word dat sodanige persoon werkloos is en nie in ontvangs van inkomste van enige aard is nie;

(3) 'n Gesertifiseerde afskrif van die aansoeker se identiteitsdokument; en

(4) Die name en identiteitsnommers van alle persone 18 jaar en ouer, wat op die perseel woonagtig is.

Die munisipaliteit kan en behou homself die reg voor om

- enige stappe te doen om die korrektheid van die inligting wat die aansoeker verstrek, te verifieer, insluitende onderhoude met en die afneem van verklarings van lede van die huishouding;
- finansiële bystand te mag staak indien foutiewe of vals inligting verstrek is; en/of
- strafregtelike vervolging in te stel teen die hoof van die huishouding of enige lid van die huishouding wat vals inligting verskaf het of nagelaat het om die Munisipaliteit in te lig van 'n verandering in die huishouding se finansiële posisie.

Navrae kan gerig word aan Linda du Toit en haar kredietbeheerspan in Malmesbury.

Database for people with disabilities

Swartland Municipality would like to compile a database of all DPO's (Disabled Persons Organisations) and/or NGO's (serving interests of people with disabilities) in its area for future consultation where issues relating to people with disabilities are concerned.

Please forward the name and contact particulars of your organisation to dejonghs@swartland.org.za.

Similarly, all disabled entrepreneurs within the boundaries of the Swartland are requested to forward their contact details, along with particulars of their disabilities as well as the type of business they are involved in, to Sunet de Jongh at the above e-mail address or to the municipality's postal address.

Contact us

Swartland Municipality's head offices are located in Church Street, Malmesbury. Our office hours are:

Mondays to Thursdays:

8:00 - 13:00, 13:45 - 17:00

Fridays:

8:00 - 13:00, 13:45 - 15:45

Visit us or direct all enquiries through one of the following channels:

Postal address:
Private Bag X52,
Malmesbury 7299

Tel: 022 487 9400

Fax: 022 487 9440

E-mail: swartlandmun@swartland.org.za

Other useful contacts

Emergencies during office hours:
022 487 9400

Emergencies after hours: 022 487 6479

Ombudsman: ombudsman@swartland.org.za
or 022 487 9448

Swartland Tourism: 022 487 2989 or
swartland@cornergate.com